

**Saterdag 18 Februarie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:17-20**

### **Die Gees gee aan ons insig, hoop en krag**

Gister het ons geleer dat die Heilige Gees God aan ons openbaar sodat ons Hom kan ken en in 'n persoonlike verhouding met Hom kan leef. Vandag leer ons hoe ons verhouding met God ons lewe verryk en oorwinnend maak.

Om hierdie rykdom ten volle te ken en te leef, is nie iets wat Paulus of enige leermeester ons kan leer nie. Hierdie diepe kennis van God en die rykdom van gawes aan ons kan net van die Gees kom. Daarom dat Paulus bid. Hy bid dat God self, deur sy Gees en Woord, hierdie rykdom aan ons sal bekendmaak.

Paulus noem 'n paar baie belangrike dinge wat ons Vader aan ons deur die Gees skenk:

- Eerstens *wysheid* (vs 17), dit is om met Goddelike insig die gebeure van elke dag te verstaan en te hanteer. Dis om te weet hoe om te lewe.
- Dan *hoop* (vs 18), dit is om te weet en te ervaar dat God nou en vir altyd in beheer is, elke oomblik met ons is.
- Dan om die *kragtige dade* (vs 19) van God, in Christus en die Gees, in en deur ons te begryp en te leef. Paulus vergelyk hierdie krag van God aan ons met die opstanding en hemelvaart van Jesus (vs 19b-23). Dis gewel-dig!

Die Gees van God laat ons oorwinnend en vreugdevol leef. Wonderlik!

*Sing: Skrifberyming 8-2:3*

*Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)*